Verwysing: 20190204-1238
Lêernommer: 12/2/10/3
Navrae: M Wiese

Kennis- en Inligtingsbestuursminuut: 0003/2019

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Leerderondersteunings-bestuurders en Prinsipale van skole met spesiale onderwysbehoeftes

Onderwerp: 2019 Kitsopname vir skole met spesiale onderwysbehoeftes

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) se kitsopname vir skole met spesiale onderwysbehoeftes sal op **05 Maart 2019** afgeneem word. Prinsipale moet die korrektheid van leerder- en opvoederdata op die Sentrale Onderwys-bestuursinligtingstelsel (SOBIS) afteken. Leerondersteuningsbestuurders moet die data van die kitsopname teen die sperdatum op **15 Maart 2019** afteken.

2. Voor die prinsipaal of hul gedelegeerde op SOBIS afteken, moet hulle seker maak dat die volgende korrek op SOBIS weergegee word:

2.1 Alle leerders wat vir 2019 geregistreer is om skool by te woon, moet in hul korrekte grade, klasse en taal-van-onderrig-en-leer (TvOL)-kategorie op SOBIS verskyn.
2.2 Leerderoorplasings (in en uit) is voltooi.
2.3 Graadveranderings is voltooi.
2.4 Vakveranderings is voltooi.

3. Die prinsipaal moet seker maak dat die lys van opvoeders op SOBIS bygewerk en geverifieer word, insluitende werkservaring, grade en vakke wat gedurende 2019 onderrig word. Indien grade en vakke wat in vorige jare onderrig is, nie meer op die opvoeder se 2019-werkslading van toepassing is nie, moet dit verwyder word.

4. Om met die verifiëring van skole se leerder- en opvoederdata te help, is daar'n aantal foutverslae beskikbaar gestel wat as riglyne dien om te verseker dat bestaande data wat op SOBIS vasgelê is, korrek is. Verseker asseblief dat alle foute, soos deur hierdie verslae vertoon, voor aftekening opgelos is.

5. Die aftekeningsafdeling van die opname moet voltooi word om te bevestig dat die data geverifieer is, en dus 'n korrekte uiteensetting van die leerderinskrywings en die getal personeel, soos op **05 Maart 2019** is.

6. Van hospitaalskole sal verwag word om 'n harde kopie van die opname te voltooi wat direk aan skole verskaf sal word.

7. Nadat die prinsipaal op 05 Maart 2019 afgeteken het, sal 'n momentopname van alle leerder- en opvoederdata gemaak word en enige foute wat oorbly, moet opgelos word voor die leerderondersteuningsbestuurder dit teen **15 Maart 2019** afteken.

8. Die prinsipaal as die institusionele Onderwysbestuursinligtingstelsel (OBIS)-beampte, moet die dataprosesse bestuur om te verseker dat die verifikasiebewys en die handtekeninge van personeel wat gedelegeer is om die data te kontroleer, op versoek van ouditeurs getoon kan word. Aangesien die inligting ouditeerbaar is, moet die skool se OBIS-data sakeproses aangeteken word om aanspreeklikheid vir die korrektheid van data te verseker. Vir meer inligting kan die Kennis-en Inligtingsbestuurminuut: 0003/2012 gedateer 10 Augustus 2012, geraadpleeg word.

9. 'n Nasionale identiteitsnommer (ID-nommer) is verpligtend vir alle leerders op alle gerekenariseerde skooladministrasie- en bestuurstelsels. 'n SOBIS-verslag is beskikbaar om leerders te identifiseer wat nie in besit van ID-nommers is nie, en om die vaslegging van ontbrekende ID-nommers te fasiliteer. Indien 'n leerder nie in besit is van 'n geldig ID-nommer nie, moet 'n ongeldige ID-nommer NIE vasgelê word NIE. Adviseer asseblief die ouers oor die proses om vir 'n ID by die Departement van Binnelandse Sake aansoek te doen. Waar moontlik, word prinsipale versoek om die ouers by te staan om die proses deur die Departement van Binnelandse Sake te fasiliteer.

10. Indien u enige probleme met die voltooiing van die opname ondervind, kontak asseblief die tersaaklike kringbestuurder of distriksamptenaar wat hieronder gelys is:

DISTRIK	DISTRIK SE SOBIS-ADMINISTRATEUR	TELEFOON-NOMMER	E-POS
Metro North	Masixole Stofile Zintle Notununu	021 938 3052/ 021 938 3101	masixole.stofile@westerncape.gov.za zintle.notununu@westerncape.gov.za
Metro Central	Anita McGrath Tercia Southgate	021 514 6751/ 021 514 6737	anita.mcgrath@westerncape.gov.za tercia.southgate@westerncape.gov.za
Metro South	Anastasia Rose Sive Jara	021 370 2120/ 021 370 2106	anastasia.rose@westerncape.gov.za sive.jara@westerncape.gov.za
Metro East	Buseka Ndinisa Thembeka Dlamini	021 900 7053/ 021 900 7011	buseka.ndinisa@westerncape.gov.za thembeka.dlamini@westerncape.gov.za
West Coast	Mervan Davids	021 860 1596	mervan.davids@westerncape.gov.za
Cape Winelands	Kevin van Eeden	023 348 0635	kevin.vaneeden@westerncape.gov.za

Overberg	Suzanne Braaf	028 214 7411	suzanne.braaf@westerncape.gov.za
Eden and Central Karoo	Romelda Booysen Keith Zibi	044 803 8367/ 044 803 8346	romelda.booysen@westerncape.gov.za keith.zibi@westerncape.gov.za

11. Tydens die onlangse *Education Data Quality Audit (EDQA*), uitgevoer in Kwartaal 2 van 2018, is dit uitgelig dat skole nie korrekte rekords onderhou nie. Die WKOD sal dus die nakoming en datakwaliteit van alle kitsopname-voorleggings monitor en sal enige gevalle van nienakoming, ongerymdhede en data-tekortkominge aan die Hoof van Onderwys rapporteer.

12. Onafhanklike skole word daaraan herinner om hulself te vergewis van hul registrasievoorwaardes. Let daarop dat voldoening aan die WKOD se datavereistes deel vorm van hierdie voorwaardes en nienakoming kan tot deregistrasie lei.

13. Die WKOD waardeer die bydrae en toegewydheid van alle onderwysamptenare en sien uit na u voorgesette samewerking in 2019.

GETEKEN: MS ABRAHAMS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING
DATUM: 2019-02-22